LIVETHEJOURNEY
LIFE ENRICHING TRAVEL

CELEBRATE 10 YEARS



**We celebrate 10 years** **Ons vier 10 jaar**

# From a modest beginning ...

Live the Journey started ten years ago with two individuals having a vision to make travel more than just a "bus window experience". They wanted travellers to experience the unusual, to make a journey of their travel, to have an exceptional experience.
There was no office, no staff, no budget, no knowledge of the travel industry - only dreams, vision and lots of *vasbyt*.
The journey was first just in their minds and imagination. Later on they took to the roads. Eventually off the roads. Always moving on to a new and unknown horizon. Fuelled by curiosity and inquisitiveness; wondering and wandering...
Today Live the Journey operates globally with a team of more than 30 travel experts, three offices and lots of expertise.
We have a sincere understanding of who our clients are, what they want to experience and exactly what their travel needs are.
We strongly believe that the better we understand you as our client the better we are in making your travel dreams come true.
We are in this industry because travel is our passion. We mastered the art of making your journey come alive. Our ultimate achievement is to exceed your travel expectations.
We are proud that we succeed in doing this as more than 80% of our clients are second-time (or more) visitors.
Live the Journey is far more than just a tour operator or travel agent. We'll be your travel partner, ensuring your trip is not just that of a tourist, but a real journey.
*"Once you have travelled, the voyage never ends, but is played out over and over again in the quietest chambers. The mind can never break off from the journey".*
Wise words from author Pat Conroy.

# LTJ vol planne vir volgende 10 jaar



**Ons Besturende Direkteur aan die woord:**
Kyk, laat ons nou eerlik met mekaar wees: om te kan reis is seker een van die grootste voorregte in die lewe. Reis verander jou en laat jou anders na mense, plekke en die lewe kyk – dit verryk jou! By Live the Journey is reis ons passie. Ons werk is ons plesier. Dienslewering is ons trots en ons voorreg. Niks gee ons groter bevrediging as om 'n toer uit te werk, saam te stel en tot uitvoering te bring nie.
Live the Journey is in sy 10de bestaansjaar en ons is dankbaar vir die voorspoed en momentum wat ons beleef. Ons wil vir elkeen wat die afgelope 10 jaar saam met Live the Journey gereis het, 'n GROOT DANKIE sê. Dankie dat jy ons vertrou met jou reisreëlings, dankie vir die positiewe terugvoering, dankie vir jou eerlike opinie wat ons in staat stel om te verbeter, dankie dat jy ons ambassadeur is.
Ons wil ook vir elkeen wat die afgelope 10 jaar op een of ander manier 'n bydrae tot ons vooruitgang gelewer het, BAIE DANKIE sê. Die gesegde lui: Jy word geken aan jou vriende. Só glo ons onvoorwaardelik dat ons sukses en vooruitgang te danke is aan almal wat die pad saam met ons stap – ons kliënte, die media, medewerkers en ons verskaffers. Ons voel werklik geseënd met 'n ongelooflike netwerk van ondersteuners en kundiges.
Laat my toe om vinnig Live the Journey se dienste toe te lig:

- Geskeduleerde toere: Ons doen groeptoere op Live the Journey se manier na sowat 20 bestemmings, en ons probeer om elke jaar 'n bestemming of drie by te voeg. Ons hou groepe klein om jou ervaring so aangenaam moontlik te maak.
- Ons doen individuele "pasgemaakte" toere na al ons bestemmings. As jy en jou gesin, jy en jou vriende, of kollegas iets wil doen, laat weet ons en ons sal die beplanning en besprekings doen. Ons doen ook skooltoere en jeugtoere met uitkomsgebaseerde doelwitte.
- Live the Journey bied 'n volwaardige "reisagentskap"-diens. Jy kan jou vlugbesprekings deur ons doen na enige bestemming.
- 4X4-toere: Ons het onlangs die meerderheidsbelang in URI Adventures in Namibië verkry. URI is een van die konsessiehouers in die Namib-woestyn, wat beteken dat Live the Journey nou sy eie konsessietoere kan aanbied.

**Lees verder op bl. 2**

# Content / Inhoud


| | |
|---|---|
| LTJ vol planne vir volgende 10 jaar | 2 |
| Time for a new look – the symbolism of our logo | 2 |
| Nou klop ons hart nóg sterker in Namibië | 3 |
| Tourplan puts us at the forefront | 3 |
| Groot spore saam met Voetspore | 3 |
| LTJ opens the door to 35 countries | 4 |
| Clothes maketh the tourist | 4 |
| Clean, green Slovenia a hidden gem | 4 |
| The Live the Journey way | 5 |
| Die Skedelkus – 'n woestyn vol stories! | 6 |
| Laat pomp die adrenalien, of maak net kop skoon | 6 |
| Uganda … tuiste van berggorillas en sjimpansees | 8 |
| Rwanda, land van duisend heuwels | 8 |
| Ethiopië, land van kultuur, kerke, koffie en kruise | 9 |
| We take your business places | 10 |
| Madagascar – A photographic and wildlife heaven | 11 |
| Visit the land of fire and ice … and trolls | 12 |
| Mongolië, betowerende land van kontraste | 14 |
| Our Gurus / Ons gurus | 16 |
| We care | 17 |
| Our staff, our pride / Ons personeel, ons trots | 18 |
| Ons bestemmings | 20 |




# LTJ vol planne vir volgende 10 jaar

**Vanaf bl. 1**

Kontak ons gerus vir enige soort Namib-toer – familietoere, visvangtoere, eko-toere, ens. Die nuwe Kunenemond-konsessieroete word ook deur ons aangebied. Verder bied ons ook 4X4-toere aan na ander Afrika-lande soos Angola, Botswana, Zambië, ens. Ook toere na Ysland en Mongolië – wat ongelooflike ervarings bied.

- Dave Pepler-toere: Ons is bevoorreg om die bekende Dave Pepler as 'n kundige en toerleier te hê. 'n Toer saam met Dave is 'n ervaring van 'n leeftyd. Die geleenthede om saam met Dave te toer is egter beperk.
- VOETSPORE: Johan Badenhorst is sinoniem met ekspedisies en sy Voetspore-span het reeds meer as 200 000 km deur Afrika getoer. Live the Journey en VOETSPORE span nou saam om vir jou onvergeetlike ekspedisie-ervarings te bring.
- Live the Journey Incentive & Events doen aansporingstoere. Ons roem ons daarop dat ons iets anders bied as net die gewone. Ons is trots om van die grootste maatskappye in Suid-Afrika as kliënte te hê, onder andere Metropolitan, Sanlam, Nissan en Standard Bank
- Ons Inbound Travel Division hanteer sowat 5 000 kliënte per jaar uit hoofsaaklik België en Nederland, maar ook van Australië, Italië, Amerika en Europa. Indien jy kliënte of vriende het wat Suid-Afrika besoek, laat ons toe om hulle reisreëlings vir Suidelike Afrika te beplan
- Bespoke Clothing: Live the Journey voorsien via Bespoke Clothing korporatiewe kleding en ander produkte aan 'n verskeidenheid kliënte, onder andere Lodges en ons korporatiewe kliënte.

Die Live the Journey-handelsmerk is ons trots. Ons belofte is dat elke toer of projek uiters professioneel en tot u bevrediging aangepak word. Ons hoop van harte om in al u reisbehoeftes te voorsien met die dienste wat ons bied.

**Reisgroete**
**Jurgens Schoeman**

# Time for a new look – the symbolism of our logo

To exist, everything in the universe requires undergoing a journey. Nothing happens by itself in static surroundings. For a diamond to become the world's most precious gemstone did not happen overnight. It took billions of years and immense pressures for carbon atoms to form diamond crystals. All this at extreme temperatures up to 200 kilometres inside mother earth. Then the real journey started. Due to volcanic eruptions, diamond crystals eventually make their way to the earth's surface through pipes and channels.

Being rare and precious, diamonds command admiration and awe. But first the rough diamond has to be selected by an expert sorter and then a master craftsman needs to cut, shape and polish it to provide the spark transforming it into a true treasure.

Diamonds are synonymous with the expression of true human emotions. It speaks of love, commitment, passion and joy. The gift of a diamond makes life's joyful moments unforgettable forever.

In much the same way Live the Journey approaches travel. We go through the pressure phase to ensure you get the unforgettable joy.

The link between the diamond and our journey, is simbolised by the maze inside the diamond in our logo.We wander all over, roaming endlessly through the maze of possibilities to bring you the amazement.We work with commitment and passion to find the right way.

The Dutch express it the best: *'doolhof'…een onoverzichttelijke weg van een begin naar een einddoel, maar bij het volgen van deze weg moeten keuzes gemaakt worden, dat wanneer het gelopen wordt iets doet met de wandelaar. Meer bedoeld als een spelletje waaraan mensen plezier kunnen beleven'.*

# Nou klop ons hart nóg sterker in Namibië

As Live the Journey 'n liggaam was, is Namibië verseker sy hartklop! Namibië, een van die laaste egte wildernis-gebiede, bly vir duisende Suid-Afrikaners die top bestemming. Ons het 'n spesiale band met dié land – een wat ons nou verder gaan versterk met die opening van 'n onafhanklike kantoor.

Namibië was sowat vyf jaar gelede die rede waarom Jurgens Schoeman en Rijan Visser om die tafel gaan sit het met die gedagte om 'n gesamentlike kantoor daar te open. Rijan was toe eienaar van Unique Tours & Safaris, terwyl Jurgens die leisels vasgehou het by Live the Journey.

Albei maatskappye het 'n groot verbintenis en belang in Namibië gehad. Onder leiding van strategiese konsultante, Pointbreak, het dit tot 'n samesmelting van die twee maatskappye gelei. Ons droom van 1+1=3! het gerealiseer.

Nou het Live the Journey by die punt gekom om Namibië op sy eie bene te laat staan deur 'n onafhanklike kantoor daar te open. Live the Journey is reeds bekendhied in Namibië as 'n gerekende toeroperateur.

Tesame met die oorname van Uri Adventures het Live the Journey nou die geleentheid om verder geleenthede in Namibië te ontsluit.

Vir Live the Journey is toere deur die Namib, 'n Wêreld-erfenisgebied en die oudste woestyn ter wêreld, een van sy groot passies. Die verkryging van die eksklusiewe regte in 'n gedeelte van die Namibwoestyn is 'n groot deurbraak vir Live the Journey.

Live the Journey Namibië open sy deure amptelik in April vanjaar met Heinie Truter, een van die oorspronklike aandeelhouers, aan die stuur as besturende direkteur. Heinie was die afgelope 12 jaar 'n projekbestuurder vir 'n Noorweegse NGO. Hy 'n groot aanwins vir ons maatskappy.

# Tourplan puts us at the forefront

In our ever-aspiring approach to increase on client service, we have recently invested in Tourplan. They are represented in 35 countries around the world and provide a complete and integrated solution to the challenges of a dynamic tourism industry.

It is the most effective back office system available to the industry worldwide.

This system gives Live the Journey the capability to create tour packages in minutes and check live availability at suppliers.

At Live the Journey the combination of being efficient and effective is a very important focus of our business. In layman terms: Finding the best priced package for the client's need in the shortest time possible.

Tourplan enables us to:

- Check live availability 24/7 at all our tourism suppliers.
- Increase our turn-around time with 70%
- Produce tour documents in seconds
- Access our central database from any location.
- Optimise our service level to our valued clients

Through the Tourplan system it also gives us the capability to open dedicated "Travel Clubs" to our corporate clients. This gives them the opportunity to provide preferred travel arrangements and rates to their client base.



# Groot spore saam met Voetspore

Nog een van Live the Journey se opwindende nuwe projekte vanjaar is die opening van 'n agentskap in die Voetspore Megaworld-sentrum in Pretoria. Daarmee vestig ons 'n groter "voetspoor" in die Gauteng-mark.

As 'n bonus gaan TV se Voetspore-man en eienaar van Voetspore Megaworld, Johan Badenhorst, jaarliks as toerleier optree vir 'n aantal ekspedisies waaraan die publiek kan deelneem.

Sy passie vir ons vasteland en sy mense is inspirerend en wakker die lus by kykers aan om ook die langpad aan te durf. Menige kykers beleef Johan se Voetspore-avonture saam met hom in sy televisie-reekse. Die meer as 200 000 Afrika-kilometers wat hulle al afgelê het, is nog net die begin, sê Johan.

Met die opening van die Voetspore-winkel in Pretoria het hy besef dat daar 'n behoefte is om sy kennis te gebruik om kliënte se avonture te beplan. Hy gee graag raad en deel sy kennis, maar dit was duidelik dat sy kliënte meer dienste verlang.

Dit is waar Jurgens, ou vriend en mede-Afrika-reisiger, deel van die verhaal word . By Live the Journey deel Jurgens en sy span Johan se passie. Jare lank al maak hy die vasteland vir kliënte meer toeganklik en help hulle om unieke ervarings te beleef.

Toe die twee se paaie kruis, het dit gelei tot een van die opwindendste nuwe projekte vir 2014 – 'n Live the Journey-agentskap in die Voetspore Megaworld-sentrum waar kliënte nie net die kennis van Johan en sy span tot hulle beskikking gaan hê nie, maar ook hul reise en avonture kan bespreek.

Reisigers kan nou vir die eerste keer saam met Johan gaan toer. Vir vanjaar is ekspedisies na die Namibwoestyn en Ysland op die toerprogram met Johan as toerleier.

# LTJ opens the door to 35 countries

A new partnership enables Live the Journey to open up 35 new and exciting holiday destinations to South Africans. Having taken a controlling interest in the South African part of the Slovenian Kompas International Travel Group, Live the Journey aims to establish Kompas GSA (General Sales Agent) as both a major in- and outbound company in the Southern Africa tourism market.
Dr Prieur du Plessis, who serves as Honorary Consul General of Slovenia for South Africa, was asked to open a Kompas GSA office in South Africa to further promote tourism relations between the two countries. The Kompas International Travel Group has offices in more than 35 countries, with their head office in Slovenia. After numerous visits by marketing director, Rijan Visser, and staff members of the Live the Journey team they have now established a knowledge base about the product and their partners abroad.
"In 2014 we will build on this to establish Kompas GSA as both a major in- and outbound company in the Southern African tourism market. Hopefully Kompas will become a household name for people with an interest in the Baltic region as well as other European destinations."
With 30 years' experience in investment research and portfolio management, Prieur is one of the most experienced and well-known investment professionals in South Africa. More than 1 500 of his articles on investment-related topics have been published in newspapers, journals and Internet columns.
He is Chairman of Plexus Holdings and Grindrod Asset Management, and also serves as a member of the University of Stellenbosch Council and a director of Professional Provident Society (PPS) Holdings and the Institute of Directors (Southern Africa).
The Kompas products will soon be available at your closest retail travel agency.



# Clothes maketh the tourist

Our passion at Live the Journey has always been to explore unchartered territories and develop new, exciting destinations for our clients. As many of these products are fairly unknown, our clients want to know: What do I wear? What equipment do I need?
This led to the idea of assisting our clients to find suitable clothing, and provide branded products as memorabilia of their trip. In our inbound division we saw the need for our international clients to buy something local reminding them of their experience.
Being in the industry a long time, Charles Jordan, was mandated to find a retail solution for our clients. As a result, Bespoke Retail, a new division under his capable leadership was formed. Partnering with leading brands like Columbia Clothing, he steadily built a catalogue of products suitable to our clients' needs.
The old saying "You can't keep a good man down", again rang true here. Keeping to the Live the Journey way, the service and products of Bespoke Retail quickly caught the eye of our corporate clients. This resulted in us providing the same in-house services and solutions for their companies' needs in terms of clothing and product.
As the majority shareholder of Bespoke Retail we at Live the Journey are very excited about this new venture and are looking forward to sharing our passion with more partners in 2014.

# Clean, green Slovenia a hidden gem

**by Esther Frauenstein**
Slovenia is a hidden gem. One of those countries that you wish everyone could see and experience, but secretly you want to keep it all to yourself.
Picture a convergence of cultures from Italy, Croatia and Austria. The influences are seen in the buildings, the clothing, the food and the traditions. Why visit three countries when you can experience it all in one? But surprisingly Slovenia is unique in its own right.
Slovenia is home to more than one percent of all known living species. With as much as 58% of its surface covered in green forests, Slovenia is one of Europe's richest countries in terms of nature.
We were lucky to experience Slovenia in all its autumnal glory; fiery red and yellow leaved trees, bright blue skies, lush green grass, emerald green lakes and crisp limestone rivers.
Life slows down in Slovenia, nothing is rushed, though everything is on time and in order. Slovenians are friendly faces with warm hearts. They are keen to sit down and have coffee and get to know you or share a personal story.
Whether you are looking for adventure, wellness spas, an interactive historical tour or a self-drive one at your own pace, you will not be disappointed.
You won't see many cars on the road, because everyone walks. They are used to living close to work.
With a small population of only 4 million, you will not find anywhere overcrowded.
The food is delicious - I did not taste one dish that was not scrumptious. The portion sizes are not for the faint-hearted!
And, if you have the stomach, you must try Rogaska Slatina's famous magnesium water. People with ailments from all over Europe and Slovenia go to Rogaska as the 4000 year old water, naturally rich in magnesium, has been proven to restore your health.
There is so much more to share; but I will leave the rest up to you to discover on your own journey.

LIVETHEJOURNEY
LIFE ENRICHING TRAVEL

The Live the Journey WAY is a "mode" of travel unlike any other.

This WAY is encapsulated by experiences and moulded over years of exposure in the tourism industry… like a diamond formed by the forces of nature.

We are a passionate team that live by this WAY…

# the WAY

we aspire to be master craftsmen of our trade,
we plan by setting trends,
we live life with a sense of excitement, anticipation and energy,
we thrive from accepting challenges.

we organise with unforgettable memories in mind,
we deliver on promises by captivating the imagination,
we inspire you to experience new things,
we enrich your souls, opening unbridled joy.

we strive for service excellence,
we embrace cultural diversity,
we care for our environment to ensure enough for all, forever.

is our brand that is built on core values and ethics, stemming from integrity and sincerity,

# is life.

...an intricate maze of journeys with interconnecting pathways, all leading to enrichment.

www.livethejourney.co.za

info@livethejourney.co.za



# Die Skedelkus – 'n woestyn vol stories!

**Deur Jurgens Schoeman**

Die Skedelkus – 'n ongerepte en ongenaakbare stuk aarde met baie verhale, skeepswrakke en 'n eiesoortige natuurskoon. Hierdie woestynkus gryp jou en kom sit in jou kop lank nadat jy al die sand van jou voete geskud het.

Die mens se spoor is yl gesaai in hierdie noordwestelike hoek van Namibië. Bitter min toeriste was nog hier en in hierdie ongelooflike landskap voel jy klein. Hier besef jy wat Gustave Flaubert bedoel het toe hy gesê het: "Travel makes one modest. You see what a tiny place you occupy in the world."

Tot onlangs was die noorde van die Skedelkuspark – vanaf Mövebaai tot by die Kunenemond – vir die publiek gesluit. 'n Nuwe konsessie maak dit nou moontlik om tot by die Kunenerivier se mond te ry – meer as 700 km van Swakopmund op 'n soutpad, grondpad, sandpad en strandpad.

Daarna lê die Namib se duine voor as die roete jou ooswaarts en stroomop met die Kunenerivier vat. Dis 'n kans om jou vuurtjie op plekke aan te steek waar niemand nog vuur gemaak het nie. Hier verken jy 'n totaal ongerepte deel van Namibië waar strandlopers, jakkalse en bruinhiënas voorkom. En as jy baie gelukkig is, sien jy dalk 'n leeu wat op die strand aan 'n rob lê en vreet!

Die konsessietoer duur sewe dae, waarvan die eerste drie jou van Swakopmund tot by die Kunenemond neem. Op dag vier word die Namib se duine aangepak vanaf die Kunenemond tot in die Hartmansvallei. Die natuurskoon is verruklik. Prentjies soos die Kunene se blou stroom wat die geel Namibduine aan die een kant skei van die dorre berge aan die Angola-kant, sal jy lank onthou.

Die tog suidwaarts vanaf die Kunene begin met 'n stop by 'n uitkykpunt met 'n wonderskone uitsig oor vlaktes bespikkel met feetjiesirkels en omsoom met donker berge in die verte.

Suidwaarts tot by Purros verander die landskap voortdurend. In die Purros-omgewing is woestynolifante volop en is die kans goed om dié ou reuse teen te kom.

Die Kunenemond-konsessieroete is dié roete in Suider-Afrika waar die balans tussen inhoud (geskiedenis, verhale), unieke dierelewe, ongereptheid en ervaring perfek is. Hierdie is 'n móét vir jou "bucket list".

# Laat pomp die adrenalien, of maak net kop skoon

Neem saam wat jy nodig het, en laat net jou voetspore agter. Vir ons by Live the Journey is dit 'n ononderhandelbare beginsel wanneer ons deur die konsessie-gebiede van die Namibwoestyn en die Skedelkus ry. Die gebied was jare gesluit en is steeds ontoeganklik vir die algemene publiek. In die Namib, die wêreld se oudste woestyn, kan jy jou kop gaan skoonmaak en jouself weer vind. Met sy uitgestrekte skoonheid en ryke geskiedenis ervaar jy elke dag iets nuuts.

Hier kan jy die dramas herleef wat in die Kuseb-canyon en vergane myndorpe afgespeel het waar diamant-fortuine gemaak én verloor is. Jy kan die adrenalien laat pomp wanneer jy 'n hoë duin se steiltes uitdreun terwyl die gids jou oor die radio aanpor met "Wax hom, manne! dis 'n steil een". Of jy kan die opgewonde benoudheid voel as jou kar se neus oor die hoë duinrug stoot en jy teen die "slipface" afgly, of wanneer jy tussen duin en seeskuim al langs die Langewand jaag voordat die gety inkom en jou vaskeer.

Die ander konsessie noord van Swakopmund in die Skedelkus Nasionale Park bied nog avontuur. Dit is net so opwindend en vat jou kuslangs tot by die mond van die Kunene-rivier aan die Angolese grens. Daar swaai jy binneland toe oor die brulduine voordat jy in die prentjiemooi Hartmanvallei afry.

Bekend as die Kus van die Dood, het talle skepe en hul bemannings aan dié ongenaakbare kus aan hul einde gekom het. Onder die skeepswrakke wat jy teëkom, is die bekende Dunedin Star wat in 1942 hier gestrand het en 'n heroïese reddingspoging tot gevolg gehad het.

Die kombinasie van strand, duine en rotse sal so reg in 4x4-entoesiaste se smaak val, maar die verlatenheid en ongerepte natuur maak van hierdie 'n sielsreis vir elke avonturier.





**You speak much better from your heart than from your mind...**
**For Live the Journey it is very important that their team experience first-hand the adventures and destinations that is on offer to their clients.**
**Read on pages 6 to 9 and 11 to 15 their stories about some of the places they have visited.**





# Uganda ... tuiste van berggorillas en sjimpansees

**Deur Elsabeth Muller**

Uganda is ‘n mooi land met woude, mere, riviere en pragtige grasvlaktes - en een van min plekke waar jy berggorillas in hul natuurlike omgewing kan gaan opsoek.
Ons het vir die berggorillas gaan kuier en het die lang pad van Entebbe suid aangepak na hul tuiste, die Bwindi Ondeurdringbare Woud. Die oggend op pad na die gorillas het ek ‘n kol op my maag. Dit is immers wilde diere wat ons van nader wil bekyk...
Ons stap deur ‘n piesang- en koffieplantasie tot in ‘n teeplantasie en klim teen steil hellings uit. Die spoorsnyers kap ‘n pad deur die woud oop terwyl ons na die gorillas soek. Vier uur later vind ons hulle.

## Middagslapie

Dis ‘n groep wat hul vroegmiddag-slapie geniet en ons stap versigtig tussen hulle in. Die silwerrug-mannetjie lê op die naat van sy rug. Sy amper mens-hande het kort vingernaels soos dié van iemand wat hard gewerk het. Hy steur hom nie aan ons nie en los ‘n harde wind ...
In die bome bo ons sit ‘n klompie wyfies en swartrugmannetjies terwyl ‘n paar kleintjies ‘n ent verder met mekaar speel. Dan besluit een van die kleintjies dat die grootmense nou genoeg geslaap het en begin die ou silwerrug pla.
Toe hy geïrriteerd opstaan, is daar skielik orals beweging en kom almal uit hul rusplekke in die takke en mikke om hul leier te volg. Ons mag nie nader as 7m agter hulle volg nie, maar dit is naby genoeg om dié skouspel verder dop te hou. Daar word gespeel, kleintjies drink aan hul ma’s terwyl dié ongeërg blare en takke afbreek en kou.
Een kleuter speel in ‘n plas water, nes ‘n mensekind, terwyl hy ons met sy swart kraalogies dophou. “Mens kan tot in hul siele kyk,” sê een van die toerlede. Te gou is die toegelate uur verby en moet ons gaan.
Ons toer verder na die Queen Elizabeth Nasionale Park. Ons ry deur die Ishasha-vlaktes en hoop om die leeus wat boomklim te sien, maar dit is nie ons gelukkige dag nie.
Die bootvaart op die Kazinga-kanaal is egter ‘n belewenis. Die kanaal is 32 km lank en verbind die George- en Edwardmeer. Daar is ‘n ryk voëllewe langs die oewer en omdat die boot stadig naby die wal vaar, kan elke dier en voël goed bekyk word.



In Fort Portal, aan die voet van die Rwenzori-berge - “the mountains of the moon” - besoek ons die Kibale-woud met sy pragtige hoë bome, die tuiste van sjimpansees. Hulle beweeg baie vinniger as die gorillas en ons moet op ‘n drafstap bly om by te hou. Hulle slaan op boomstompe en maak harde skree-geluide wat tussen die hoë bome weergalm, amper soos in ‘n katedraal.
Murchison Falls, Uganda se grootste park, is ryk aan dierelewe met groot troppe boksoorte, kameelperde en olifante. Die park is ook die tuiste van die skaars skoensnawel (shoebill) en ons was voorwaar bevoorreg om een raak te loop.
Die vaart op die Nyl na die onderste deel van die waterval was ‘n rustige, skoene-uitskop ervaring. Daar is baie wild langs die oewer en volop witkruisarende wat mens van ver kan uitken. Met ‘n glasie in die hand het ons die son sien sak.
Hierdie mooi land se mense is vriendelik. Ek sien nou nog in my gedagtes beelde van skoolkinders in helderkleurige uniforms wat vrolik groet.

# Rwanda, land van duisend heuwels

**Deur Anneke Snyman**

Om ‘n gorilla van naby in die oë te kyk is nogal ‘n emosionele ervaring, iets wat jou die res van jou lewe gaan bybly. En om ‘n uur saam met ‘n gorillafamilie deur te bring, sal jy altyd as ‘n hoogtepunt onthou.
Ek het in Januarie vanjaar die voorreg gehad om as Live the Journey se toerleier na Rwanda saam te gaan. Die vernaamste “moet sien” van die toer is natuurlik om die berggorillas op te spoor en dop te hou.
Rwanda is bekend as die land van ’n duisend heuwels en ’n miljoen glimlagte. Dis ‘n pragtige, skoon en veilige land. In die sewe dae sedert ons aankoms het ek nie één papiertjie gesien wat rondlê nie. Een van die toerlede het dit raak opgesom: Rwanda is Afrika se bes bewaarde geheim.
Almal het uit hul pad gegaan om ons verblyf in Rwanda onvergeetlik te maak en ons verwagtinge te oortref. Die verblyf was uitstekend en die toergidse van die beste wat ek nog teëgekom het.
Die gerieflike tent-verblyf in die Akagera Nasionale Park se Ruzizi-kamp kyk almal uit oor ’n pragtige meer. Die voëllewe is



asemrowend en ons het heerlik op die dek gekuier terwyl die seekoeie “agtergrond-musiek” verskaf het.
Die uur wat ons saam met die gorillas deurgebring het, was ‘n ervaring wat jou aan die siel gryp. Hierdie pragtige diere het ons toegelaat om tot by hulle te stap en amper ongeërg met hul daaglikse roetine voortgegaan, amper asof hulle wou sê: Julle is welkom, maar moet ons nie onnodig pla nie.
'n Mens voel amper asof jy van buite deur die venster na ‘n hegte familie in hul tuiste kyk. Afloer hoe die ma’s met tipiese moederinstink hul kleintjies hanteer. ‘n Warm, gesinsopset beloer. En as jy eers in daardie sagmoedige, bruin oë gekyk het, gebeur iets in jou binneste.
Daar is agt gorilla-families wat hier in hul natuurlike habitat besigtig kan word. Oor tyd het hulle aan besoekers gewoond geraak en steur hulle meestal nie veel aan dié “indringer” nie.
Die berggorilla is ‘n bedreigde spesie en wêreldwyd is net 850 van hulle oor, verspreid in Rwanda, Uganda en die Kongo.
Ons laaste stop in Rwanda was Gisenyi in die noordweste van die land. Ons het langs Meer Kivu in die luukse Serena Hotel gebly.
Vir my was Rwanda een van daardie bestemmings wat iets aan jou siel verander en wat jou altyd sal bybly.

# Ethiopië, land van kulture, kerke, koffie en kruise

**Deur Elsabeth Muller**

Ethiopië is 'n ongelooflike land met 'n oeroue geskiedenis en gebruike wat eeue terugdateer. Die klipkerke van Lalibela wat ondergronds uit soliede rots gekap is, het dié bergdorpie wêreldberoemd gemaak.
Die elf kerke, in vier groepe, is in die twaalfde en dertiende eeu deur vakmanne uitgekap in rotsformasies wat ondergronds is sodat die dakke gelyk met grondvlak is. Die rots is uitgehol om sale, pilare, vensters, deure en ander detail te skep vir hierdie plekke van aanbidding.



## Engele

Hoewel die kerke met 'n netwerk van tonnels en gangetjies verbind is, het elkeen 'n eie karakter.
Watter gereedskap het die vakmanne gebruik en wie het die planne geteken vir hierdie meesterstukke? Volgens oorlewering het die mense in die dag gebou en het die engele snags die werk voortgesit … 'n mens wil dit amper glo.
Oral dra die mense en selfs die kinders kunstige kruise om hul nekke. Kruise kan ook oral by straatmarkte as aandenkings gekoop word.
Dit is moeilik om te kies, want elkeen lyk spesiaal met 'n unieke simboliek … hoe kies jy tussen 'n Lalibela-, 'n Axum- of Gondar-kruis?
Ethiopië is ook bekend as die land van oorsprong van koffie en dit is 'n belewenis om 'n kleurryke koffieseremonie met sy heerlike aroma by te woon. Die koffiebone word gerooster, dan gemaal en prut uiteindelik in 'n keteltjie met 'n nou, dun tuitjie terwyl die gaste rustig wag. Die koffie word swart bedien in klein koppietjies met springmielies as 'n bygereggie.





Ver in die suide van die land in die Groot Skeurvallei, woon nog verskeie stamme wat 'n taamlik primitiewe leefstyl handhaaf.
Die bekendste is seker die Moersi, wat in die Omo-vallei steeds leef soos hul voorvaders dit eeue gelede gedoen het.
Die Moersi-vroue is bekend vir hul "pieringlippe" - 'n hout- of kleiskyf wat in 'n snit in die onderlip en in die oorlelle gesit word om dit al groter te rek. Dié gebruik spruit glo uit die dae van slawerny toe die vroue hulle daardeur onaansienlik wou maak om slawerny te vermy. Vandag glo hulle hoe groter die lipskyf, hoe aantrekliker is hulle.
In die dorp Harar is daar 'n hiëna-man. Saans sit hy by die poort van die stad wat deur 'n muur omring is, en voer honderde hiënas met vleis aan 'n stokkie wat hy in sy mond vasbyt.
Die natuurskoon van die land is prentjiemooi. Die Blou Nyl het sy oorsprong in die Tanameer met sy talle klein eilandjies. Op elkeen is 'n eie besonderse kerk met kleurvolle muurskilderye wat Bybelverhale uitbeeld.
Op die meer kry jy ook nog papirusbote waarin die plaaslike inwoners hul goedere vervoer.
Op pad na die Blou Nyl-waterval loop jy oor 'n ou Portugese brug, deur klein gemeenskappies waar die kinders pragtige geweefde lappe verkoop en uiteindelik tot by die valle waar die borrellende bruin watermassa oor 'n afgrond druis.

## Oermens

In die Simienberge gaan soek ons die Gelada-bobbejane en ry met kronkelpaadjies wat oor diep, asemrowende valleie uitkyk. Die bobbejane het 'n verrassende voorkoms met langerige bekke, 'n welige bos hare en die bekende rooi hart op die bors. Daarom staan hulle ook bekend as die "bleeding heart baboon".
In die hoofstad, Addis Ababa, is daar 'n verskeidenheid van museums, kerke en natuurlik die oorblyfsels van die oermens, Lucy. Die Danikal met die Erta Ale-vulkaan en die kameeltreine wat sout vervoer, is beelde wat jou ewig sal bybly.
Ethiopië is 'n unieke wêreld, 'n ou wêreld. Hy gebruik sy eie kalender wat uit 13 maande bestaan. Dit is tussen 7 en 8 jaar agter die res van die wêreld.
'n Toer na Ethiopië vat jou dus terug in tyd.






**Magical sunset** Metropolitan visiting Bali

# We take your business places

**By Marilyn Pentz**

We are a travel business and we make it our business to take your business places. Literally. To ensure you really go places. Figuratively. But we approach incentive travel in our own Live the Journey way. To us the true art of travel is multidimensional, meaning that the philosophical element of travel is as important to us as the physical element. We believe that the more you travel, the more you learn. The more you expose yourself – to nature, the wild, foreign places, peoples and cultures – the more you understand life.

## Perpose in life

More specifically, the more you understand your position and your purpose in life.
This awareness is critical to our corporate and incentive travel. We don't have a standard menu of programmes or trips that we offer, but rather sit down with you and determine your needs to be able to customize a product specifically for you.
Our commitment is to create incentives and events with lasting impressions.
Our services include:

- Local and International incentive group travel;
- Event & travel management;
- Conferences;
- Road shows; Product launches



**In the desert** Sanlam Corporate clients visiting the Namib



**Artic Expedition** Standard Bank Namibia visiting Iceland

# Madagascar - A photographic and wildlife heaven

**By Johan van Tonder**



A few hundred kilometres off Africa's eastern shores is a patchwork island of bizarre forests, tinkling rivers and quirky creatures.

After Greenland, New Guinea and Borneo, Madagascar is the world's fourth largest island and home to 5 percent of the world's plant and animal species, 80 percent of which are unique to the island.

With an incredible biodiversity, Madagascar is best known for its lemurs - primitive relatives of monkeys, apes, and humans; colourful chameleons; stunning orchids; and towering baobab trees.

Separated from mainland Africa over 165 million years ago, Madagascar has been conducting its own wildlife experiment in evolution. The results are unique, fascinating and impressive:

- At least 12,000 plant species - 90% endemic - with 7 endemic families and 310 endemic genera
- 6 of the world's 8 baobab tree species
- 340 reptile species - 92% endemic
- 199 amphibian species - 99% endemic
- 169 mammal species - 83% endemic
- 283 bird species - 39% endemic and 8% near-endemic. Some of the world's most unusual bird families are found only on Madagascar - Gorgeous Ground-Rollers, the diverse Vanga family, Oxylabes, Newtonias and the Couas.
- Primates: 60 "taxa" of lemurs (species, sub-species, and populations from 33 species across five families and 14 genera
- Smallest Primate Specie in the world – Pygmy Mouse Lemur
- 74 lemur species - 100% endemic
- 3 new mouse lemur species discovered in June 2006

As with all islands, the fragile ecosystem is threatened by alien predators and deforestation. Responsible eco-tourism holds the key to conserving the island's rich natural and cultural heritage.



## Laughter is the best medicine — Lag 'n slag




**These questions about South Africa were posted on a South African Tourism Website and were answered by the website owner.**

**Q: Does it ever get rainy in South Africa ?**
A: I have never seen it rain on TV, so how do the plants grow?

**Q: Will I be able to see elephants in the street?**
A: Depends how much you've been drinking.

**Q: I want to walk from Durban to Cape Town - can I follow the railroad tracks?**
A: Sure, it's only two thousand kilometres. Take lots of water...

**Q: Is it safe to run around in the bushes in South Africa ?**
A: So it's true what they say about Swedes.

**Q: Are there any ATMs (cash machines) in South Africa ? Can you send me a List of them in JHB, Cape Town , Knysna and Jeffrey's Bay?**
A: What did your last slave die of?

**Q: Can you give me some information about Koala Bear racing in South Africa ?**
A: Aus-tra-lia is that big island in the middle of the pacific. A-Fri-ca is the big triangle shaped continent south of Europe which does not.... Oh forget it. Sure, the Koala Bear racing is every Tuesday night in Hillbrow. Come naked.

**Q: Which direction is north in South Africa ?**
A: Face south and then turn 90 degrees. Contact us when you get here and we'll send the rest of the directions.

**Q: Can I bring cutlery into South Africa ?**
A: Why? Just use your fingers like we do.

**Q: Do you have perfume in South Africa ?**
A: No, WE don't stink.

# Iceland

# Visit the land of fire and ice ... and trolls





**by Rijan Visser**

Crossing glaciers over an ice crust more than 800 meters thick, driving into volcanoes that can erupt at any time and ending the day in the warm healing waters of a natural spa – this is adventurous Iceland. But this beautiful and fascinating country offers the traveller much more than adventure alone. Visit the National Þingvellir Park, where deep crevices and ravines expose the Mid-Atlantic Ridge, where the Eurasian and North American tectonic plates divide and still slowly pull away from each other, and where the Alþingi (the Icelandic parliament, the oldest one in the world) stood from 930 AD to 1789.

See the amazing geothermal area at Geysir where boiling fountains have been squirting pillars of hot water 30 m into the air every few minutes since the fourteenth century.

Or travel to the many magical and beguiling waterfalls dotted all over the country, the best-known the thundering Gulfoss with its ninety-degree angle.

At Seljalandsfoss, the more adventurous can clamber up a slippery footpath through the spray and hide behind the water curtain that rumbles over your head from 70m above and crashes into a pool right at your feet.

Go into the highlands and experience the natural beauty of Thor's Valley in the shadow of two active volcanoes.

Iceland has 35 volcanoes with exotic names like Katla, named after a murderous witch of the ancient Icelandic sagas, and Hekla, in medieval legends the port through which lost souls went to hell.

About 11% of the country is covered in lava. Drive along wide streams of solidified lava 6-7 metres high, with rocks melted together in huge clumps and covered in thick, green-and-gray moss. Think like the people of Iceland and you'll see all sorts of figures in the pitch-black lava formations. They are petrified trolls, they say, and that elves also live in the crevices.

Carry on through the highlands into the Fjallabak Nature Reserve, one of Iceland's most scenic areas with deep valleys, steaming fountains and cool, clear streams. Volcanic rhyolite rocks adorn the mountains in pink, yellow, mauve and rusty brown while snow drips like icing over the mountain peaks and down the slopes.

It is a dream destination and I had the privilege recently to spend 20 days there with Dave Pepler and the Groen team, as well as a small group of clients. Our means of transport was arctic trucks which made it possible to explore every inch of this land of fire and ice where the earth expends its hot breath, but also shows its beauty in abundance.

Some interesting facts about Iceland:

- The people speak Icelandic,




which is similar to what the Vikings spoke – modern Icelanders can therefore read ancient Viking literature. The country has a literacy rate of 99%.

- Surnames in Iceland consist of the father's first name and then "son" or "daughter". If the father is Thor Jonsson his son Aron will be Aron Thorsson and his daughter Anna will be Anna Thorsdottir.
- 11% of the country is covered in glaciers. Vatnajökull is the largest, up to a kilometre thick and covering an area of 8 300 square kilometres at an elevation of 2 109.6 m.
- More than 90% of Iceland's electricity and heating comes from hydroelectric and geothermal sources. It can generate all the electricity needed by mainland Europe without burning any fossil fuels.
- All liquor stores in Iceland belong to the government.



# Mongolië, betowerende land van kontraste



**Deur Jurgens Schoeman**

Mongolië se winters is 'n bibberkoue -45 grade, sy milde somers gemiddeld 22 grade. Hier is drie keer meer diere as mense en jy kan ses uur lank ry sonder om iemand op die uitgestrekte vlaktes te sien, maar as jy hulle wel teëkom, is hulle gulhartig en vriendelik. Dít is Mongolië, land van kontraste – van bar woestyn in die suide tot die grootste varswatermeer in die noorde. Waar is Mongolië en hoekom sal 'n mens soontoe wil gaan? Die antwoord is eenvoudig: jy gaan iets besonders misloop as jy nie gaan nie!

Ek en vroulief, Karien, was in Januarie vanjaar daar – en wat 'n onvergeetlike ervaring was dit nie! 'n Jaar of twee gelede het ek en Dave Pepler sit en dagdroom oor plekke wat ons nog wil besoek. Mongolië was op Dave se wenslysie, nie op myne nie, hoewel ek, wat 'n woestyn-mens is, geweet het die Gobi-woestyn is grotendeels in Mongolië.

Toe, per toeval, beland ek in Oktober verlede jaar saam met David Scott, Skotland se konsul-generaal in Mongolië, in die Namib-woestyn. David raak oor Mongolië so opgewonde soos ek oor Ysland en hy nooi my om saam met 'n Skotse handelsmissie in Januarie vanjaar Mongolië te besoek. Toevallig was Karien besig om 'n reeks boeke te lees oor die formidabele Genghis Khan van Mongolië. Terwyl sy my saans van hierdie merkwaardige land en sy boeiende geskiedenis vertel het, het ek besef dat ek nie dié uitnodiging van die hand kon wys nie. Ek moes self gaan kyk, sien en ervaar.

Dit was middel winter met ons besoek. Die koudste dag was -42 grade – vir 'n Suid-Afrikaner onbeskryflik koud. Selonga, een van ons Mongoolse vriende, wou weet hoe warm dit in Suid-Afrika raak, en was amper geskok toe Karien sê dit haal soms tot 45 grade C. "But how can you live there?" was Selonga se verbaasde reaksie.

Op my beurt wou ek weet: Hoe leef mens in winterkoue van -45 grade? Of hoe speel jy gholf terwyl alles rondom jou toegesneeu is?

'n Span van BBC Scotland was in Mongolië vir opnames van 'n nuwe program, Wild Golf World Series. So kon ek toe ook 'n potjie gholf speel – met oranje





balle op spierwit sneeu in 'n koue -25 grade C! Wat 'n unieke ervaring om in sulke uiterste omstandighede te speel.
Dit is sulke belewenisse en ervarings wat reis so besonders maak. Dan kry jy sommer ook antwoorde op jou vrae en ontrafel jy geheime.
Hoekom moet Mongolië op jou "bucket list" wees?

- Dit het daardie "Namibië-bekoring". Mongolië lê in Siberië, tussen Rusland in die noorde, China in die suide en Kazakhstan en Kyrgyzstan in die weste. Die land was tydens die Koue Oorlog deel van die Russiese Federasie. Dit is die mees ylbevolkte land ter wêreld, naas Namibië. Suid-Afrikaners hou van Namibië se uitgestrekte vlaktes, vriendelike mense en die gevoel van vryheid en ongebondenheid – om dieselfde redes sal hulle van Mongolië hou. Meer as die helfte van die bevolking van 3 miljoen bly in die hoofstad, Ulan Bator. Die res van die land is yl bevolk met Nomadiese gemeenskappe wat steeds eg tradisioneel leef. Jy kan ses uur lank ry sonder om 'n mens te sien. Daar is geen grensdrade nie – jy kan letterlik ry waar jy wil. Dit is uiters uniek en spesiaal!
- Die ryke geskiedenis en kultuur. Net die Britse Ryk was groter as die Mongoolse Ryk. Gedurende die 1200's het Genghis Khan in 25 jaar meer grondgebied verower as wat die Romeine in 400 jaar kon doen en oor bykans 30 lande geheers. Met sy dood in 1227 het sy seun Ogedei hom opgevolg. Tydens sy bewind was die Mongole onstuitbaar en oppad om Europa te verower. Sy dood in 1241 was, volgens die geskiedskrywer Conn Iggulden, een van die min gevalle waar een mens se dood 'n geweldige invloed op die verloop van die wêreldgeskiedenis gehad het. "If Ogedei had lived, there would have been no Elizabethan age, no British Empire, no Renaissance, perhaps no industrial revolution. In such circumstances, this book could have very well been written in Mongolian or Chinese." Genghis se kleinseun, Kublai Kahn, stigter van die moderne China, het voortgebou op die trotse tradisie van sy oupa.
- Dis 'n land van kontraste. Daar is drie keer meer diere in Mongolië as mense. Die landskap is mooier as mooi met 'n diversiteit wat mens aan Suid-Afrika herinner - die Gobi-woestyn in die suide, die wêreld se grootse varswatermeer, die Baikal, in die noorde en reënwoude in die weste. En alles is oop, skoon en toeganklik. Honderde Mongoliese ponies hardloop in die somer oor die vlaktes en tower beelde op van 'n boeiende verlede.
- Beleef die tradisies. Met ons besoek aan die platteland het ons in 'n tradisionele gher gebly. Dit is 'n soort rondawel bedek met 'n dik viltmat van geweefde kameelhare. In die somer, wanneer Live the Journey beplan om besoekers na Mongolië te neem, gebruik hulle 'n dunner viltmat om die rondawel te bedek. Ons besoek was 'n wonderlike en egte ervaring – opgevrolik met samesang deur Skot, Mongolees en Suid-Afrikaner.
- 'n Moderne Mongolië. Ons was heeltemal verras met wat ons gesien en ervaar het. Die Mongole met wie ons te doen gehad het, is vooruitstrewend, trots en steeds tradisievas. Hulle is besonder hulpvaardig en diensgeoriënteerd.

# Dave Pepler



**Beroep**
Omgewingskundige en kwaadstoker.

**Bekendheid verwerf met:**
Dit is 'n wankelrige term, veral in 'n klein kulturele omgewing soos die Afrikaanse taal, en juis daarom distansieer ek my van kultus en beroemdheid.

**Jy het bekendheid verwerf as GROEN-aanbieder op kykNET en is een van Suid-Afrika se bekendste groen ambassadeurs. Waar dan jou liefde en passie vir die natuur?**
Ek kan met volslae eerlikheid sê dat ek my ganse lewe gewy het aan bewaring van die omgewing. Die inslag hiervoor kom uit my plattelandse kinderjare op 'n dorpie wat ge-aard was in tuine en diere, waar mense tuis gesterf het, en waar die ritme van die lewe deur seisoene bepaal is. Daarby het ek 'n liefdevolle oupa gehad wat my belangstelling versterk het met naweke in die veld.

**Behalwe as aanbieder van GROEN en verskeie insetsels op RSG, waarmee anders hou jy jou besig?**
My grootste liefde in die lewe is om roekeloos te lees. Daarby strek my belangstelling regdeur argitektuur, die moderne roman, biografieë van die Bloomsbury-groep, natuurkunde, die wetenskap, kalkoen-kinkhoes en hoëspoed kruiwaens… As daar skrif op is, sal ek dit lees.

**Jy geniet dit om jou kennis te deel en is ook betrokke as reisleier vir Live the Journey na unieke bestemmings. Hoe het dit gebeur en hoekom verkies jy om saam met Live the Journey te werk?**
Ek en Jurgens Schoeman hou mekaar al jare dop en het eierdansies om mekaar gemaak. Soos met alles in die lewe het die regte tyd aangebreek vir samewerking en nadat ons eerste poging gevlot het, is die res geskiedenis. My keuse van LTJ as reisgenoot berus op uitmuntende voorbereiding en absoluut verstommende aandag aan detail om te verseker dat hul gaste die maksimum uit hul reise put. Hulle luister na voorstelle en is altyd oopkop om 'n reeds beplande reis aan te pas sodat hul gaste selfs meer kan beleef.

**Hoe voel jy oor die groen toekoms van Suid-Afrika?**
Ek hou my hart vas oor Suid-Afrika se groen toekoms juis omdat die huidige politieke bestel dit so onbelangrik ag. My onlangse besoek aan Rwanda het my opnuut opgewonde gemaak toe ek kon sien waar politieke leierskap 'n eens bloeddeurweekte land stewig op 'n pad van volhoubaarheid kan plaas. Gaan kyk self, dis 'n absolute openbaring.

**Watter een van die volgende is vir jou die interessantste: berggorillas, "golden monkeys", lemurs, sjimpansees, gelada bobbejane, mense?**
Mense natuurlik! Hoekom? Hulle is 'n soomlose kombinasie van al hierdie primate, maar by Jurgens is die chimp-komponent afwesig. Ek kan dit nie verklaar nie.

**Jy het 'n baie besondere ervaring met 'n gorilla in Uganda gehad. Wat het gebeur?**
Dis 'n lang storie! Dit kom daarop neer dat 'n wilde gorilla-wyfie my in die Bwindi-woud, Uganda, by my boskamer kom besoek het. Sy het, sonder enige vrees, my genader, aangeraak en selfs 'n rofie van my elmboog fyntjies afgekrap. Na dese het sy haar sagte wang teen my been gerus en in my ganse ondervinding as wetenskaplike en as mens is dit die mees teder gebaar ooit – 'n draaipunt in my lewe.

**Het jy 'n gunsteling land en waarheen gaan jy volgende?**
As ek oor landskappe droom, droom ek oor Namibië. Daar is geen lig of lug op aarde wat by hierdie lieflike land se hemel kom nie. Vir werk vlieg ek na Upington, Tete en Dar es Salaam, vir Live the Journey na Madagaskar!

# Johan Badenhorst



**Beroep**
Vervaardiger van televisieprogramme. Eintlik maar joernalis/storieverteller. Ek reis, neem dit op, en vertel dit oor.

**Bekendheid verwerf met:**
Eers as regisseur van die Pieter Pieterse-reeks, daarna Agriforum, maar eintlik maar sedert 2000 met Voetspore.

**Jy is een van Suid-Afrika se bekendste avonturiers. Het jy al getel hoeveel kilometer jy afgelê het in Afrika en hoeveel lande jy al besoek het?**
Bietjie meer as 200 000 km, en bykans 40 lande.

**Is Afrika veilig? Het jy enige noue ontkomings gehad tydens jou reise?**
Afrika is veilig sodra jy die Limpopo kruis. Nog nooit, oor 200 000 km, het ons gevoel ons is nou in 'n moeilike situasie nie.

**Hoe het die Voetspore-konsep begin?**
kykNET het 'n nuwe kanaal met nuwe inhoud gesoek in 1999/2000. Nadat ek by Pieter Pieterse geleer het om 'n 4x4 te ry en om die landskap op dié manier te verken, het ek 'n span saamgestel en die voorstel aan kykNET gedoen. Nou, agt reekse later, is ons besig met die beplanning van reeks no 9.

**Jy spandeer 'n paar maande per jaar op toer. Wat doen jy die res van die tyd?**
Redigeer die vorige een, skryf 'n boek, beplan die volgende een… en spandeer tyd saam my vrou en kinders.

**Is daar 'n vraag wat mense altyd vir jou vra?**
Ja – 3 vrae: Wat is die beste voertuig? Waarheen volgende? Kan ek saamgaan?

**Waarheen gaan Voetspore volgende?**
Dalk die Sahara, dalk met Afrika se Groot Skeurvallei tot in Jordanië. Ons beplan tans en oorweeg ons opsies.

**Jy het onlangs met Live the Journey begin saamwerk. Hoe het dit gebeur?**
'n Paar jaar gelede het ek Jurgens Schoeman ontmoet. Ons het geweet ons sal nog eendag iets saamdoen, maar in daardie stadium het ons nie presies geweet wat nie. Nou het ek in Pretoria 'n winkel oopgemaak en kan ons as satellietkantoor vir Live the Journey dien. Verder is dit my voorreg om 'n paar avontuur-toere saam met Live the Journey te doen.

**Beteken jou samewerking met Live the Journey dat daar geleenthede gaan wees vir 'n Voetspore / Live the Journey-ekspedisie saam met jou?**
Dit is waarskynlik een van die belangrikste dele van ons samewerking.
**Hoekom moet 'n mens reis en wat doen dit aan jou?**
Daar is min dinge in die lewe so verrykend soos reis. Ek reis om te werk en werk om te reis. Toe ek 'n kind was, het ek Kinders van die Wêreld gelees. Nou ervaar ek dit.

# Mike Fabricius



**Beroep**
Internasionale toerisme-konsultant.

**Jy het 'n doktorsgraad in toerisme. Vertel ons meer oor jou passie vir toerisme, veral oor jou strategiese denke rondom toerisme?**
Ek het in 1992 as beplanner in toerisme beland en is destyds as direkteur van Binnelandse Toerisme by SA Toerisme aangestel. Dit het my oë oopgemaak vir die wonderlike krag van toerisme. Dis 'n industrie wat ons laat droom, ons verlos van oogklappe, ons kreatiwiteit laat ontwaak, vriendskappe oor kulture heen smee, genot uitstraal, hoogs arbeidsintensief is en 'n bul in die meeste ekonomieë en nog vele meer. Ek het ook geleer dat goeie toerisme-ontwikkeling fyn beplanning verg en dat dit deesdae 'n hoogs mededingende besigheid is. Toerisme-bestemmings kan baie vinnig uit die mode raak indien daar nie met vernuwing en strategiese denke opgetree word nie

**As toerisme-Guru het jy gesien hoe toerisme sedert 1995 gegroei het. Hoe voel jy oor die rol wat die toerismebedryf speel om Suid-Afrika se beeld in die buiteland te bevorder? En hoe dink jy gaan toerisme oor die volgende paar jaar groei?**
Ons het wonderlike groei in toerisme beleef na 1994 maar die groei sedert 2008 was nie so goed as wat mens sou verwag nie; daar was wel 'n resessie maar in vergelyking met wêreldgroei en met ons wonderlike hulpbronne moes ons beter gevaar het. Die 2010-Sokkerbeker was 'n hoogtepunt en dit het bewys wat toerisme kan doen om 'n land se beeld te bevorder – die wêreld het ons in 'n baie positiewe lig gesien. Maar net soos toerisme 'n bydrae kan lewer tot die land se beeld is dit ook afhanklik van positiewe leierskap en optimistiese kommunikasie na buite. Dit is tyd dat Suid-Afrika se regering en toerismebedryf weer bietjie vernuwend kyk. Wat die toekoms betref, kan mens net optimisties wees as jy na ons wonderlike toerisme-hulpbronne kyk en besef daar is geen land soos Suid-Afrika in die wêreld nie.

**Jy reis baie, ook na unieke wêrelddele. Waar was jy onlangs? En waarheen is jy volgende op pad?**
Ek was gelukkig om die afgelope amper 10 jaar in meer as 30 bestemmings te werk, meestal in Afrika, die Midde-Ooste en Asië. Verlede jaar het ek in Indië, Sri Lanka, Nepal, Spanje, Mosambiek en Ghana gewerk. Ek werk tans in Gauteng en St Helena-Eiland en sal waarskynlik binnekort in Mosambiek werk.

**Jou gunsteling bestemming?**
Beslis die Wes-Kaap – Breedekloof, Namakwa-Weskus, Tuinroete, Klein Karoo, Overstrand, Sederberge, die Moederstad, ens. – daar is geen interessanter en mooier plek op aarde nie.

**Wat in 'n reis inspireer jou?**
Mens reis meesal om unieke natuurlike of kulturele dinge te sien of te beleef maar wat my op die ou end inspireer en wat my dikwels vir altyd bybly, is die ontmoetings met mense – hoewel ons verskillende gewoontes het, deel ons in wese almal dieselfde emosies, drome, behoeftes, ens. Mens leer baie deur ander as jy reis, en verwonder jou dikwels aan plaaslike mense se ingeboude goedhartigheid en verhouding met en afhanklikheid van die natuur en omgewing.

**Jy kom al 'n lang pad saam met Live the Journey. Jy was onlangs weer betrokke by 'n werksessie oor ons handelsmerk. Hoe voel jy oor Live the Journey, en veral oor die handelsmerk?**
LTJ staan vir "Life enriching travel" – dit is 'n groot mondvol want om reisigers se lewens te verryk, moet 'n klomp goed bymekaarkom en dit is wat gebeur by LTJ – totale passie vir wat julle doen, persoonlike aandag, uitsonderlike ervarings wat mens beslis nie so op eie stoom kan beleef nie. Dan is daar die spirituele kant van 'n reis wat mens nie altyd kan verduidelik nie – gees en sielsverryking – wat julle in julle toere inbou. Ek hou baie van LTJ se nuwe identiteit – dit is skoon, maar tog verweefd en spreek van kwaliteit. Reisigers oor die wêreld soek al meer na buitegewone ervarings wat mens nie sommer van die rak af kan koop nie. Reis raak 'n pelgrimstog vir baie reisigers om hulself en die wonders van die aarde te ontdek. Die besigheids- en woonwêreld in baie lande is redelik "vlak" en mense is al meer bereid om 'n premie te betaal vir die voorreg om sielsverrykend te reis. Ek voel LTJ se handelsmerk sluit uiters goed by die groeiende reisbehoeftes aan.

## We Care - We live to travel, but we also accept our responsibilities




**Environment** Supporting the Desert Lion Conservation project of Dr. Flip Stander (picture) in Namibia.



**People** Supporting Christine Ferreira, our deaf world squash champion.



**Community** We support educational development through the Born in Africa project.

**Jurgens Schoeman**
*Managing Director*



Travel is all about inquisitiveness. There is nothing more exhilarating than discovering a new destination or just driving a route for the first time going from one horizon to the next. My travels have been filled with amazing things. I am hooked on natural wonders … seeing the red glow of a volcano at night excites me and the vastness of a desert makes me humble. Often routes follow the path of destruction left by wars or that of awesome historical achievements. I love exploring and visiting places to learn and broaden my view of life, but with a desire to share these experiences with people. Helping them to create life enriching travel memories. Travel always changes people and I would like to think I made a small contribution towards that in other peoples lives. Our life is one journey and we must live this journey by filling it with travel memories.



**Quintus de Vries**
*Non-executive Director*

After retiring from a career in the financial world, I got the great opportunity to get involved in one of my other passion in life, travel! As a non-executive director of Live the Journey I now have the time to live my dream and travel as much as possible in Africa and beyond. I lost my heart in the Namib and Angola, but there is still many other destinations I would like to explore.



**Olga Kirchner**
*Head of Department: Inbound*

"I have always loved travelling, because if you choose your destination right, you find more than just a beautiful place, you find a unique part of yourself there. When I joined the travel industry I thought maybe working in travel will be less satisfactory than travelling, but I simply love sending people to places where they will reconnect with life, with themselves and their partners. Working in such a fast, changing industry keeps me on my toes, which ensure that I deliver quotes fast and efficiently to clients. It's great to make other people's dreams a reality creating unforgettable memories for them."

**Rijan Visser**
*Marketing Director*



"Growing up in a family who loved to explore Africa the seed was planted to make a career of what I love doing most ……living the journey and exploring new horizons. After university I travelled the UK and Europe, mostly working on yachts in the Caribbean and Mediterranean, but at the end my heart pulled me back to where I belong…Africa. I have visited 42 countries to date but will never stop travelling as I believe it constantly changes your view of the world in a positive way."



**Heinie Truter**
*Managing Director Namibia*

After my studies at Stellenbosch University I decided to see more of the world. For 12 years my travels took me from teaching in Thailand to working for NGO's across Africa and the Middle-East. During this time I meet my wife and started a family. Finally I succumbed to the call of Africa, and headed back to my roots. I am very excited about this new stage in my life and to head up Live the Journey Namibia. Travelling is in my blood, and taught me a lot about myself and the people around me

**Madelein van der Westhuizen**
*Consultant*



"Like many other people I qualified in one field, but ultimately ended up in travel. Specialising in Namibia and Angola, I take great pleasure in creating unforgettable travels for my clients to these destinations. Arranging a 5-star holiday, a family self-drive tour or a 4 x 4 desert trip, are all in a days work. Exploring places that few have had the privilege to see fuels my passion for sharing this with others. Everybody must experience once in their life the wonder of standing on a dune in the deep Namib while the sun is setting. The raw African beauty of these countries is unparalleled, and the feedback that clients give me after experiencing this for themselves, makes it all worth it.

**Johan van Tonder**
*Contracting & Product Director*



"Since I can remember I have been fascinated by the habitats of plants, wild animals but especially birds. It has always been my hobby and after six years of practising civil engineering, I decided to make my hobby my profession and formed a safari company. It got me travelling and today, thirteen years and fourteen countries later, I am just getting keener for the next destination. As a traveller I love working with fellow travellers. You might say we're birds of a feather."

**Elsabeth Muller**
*Head of Department:Outbound*



S A Tourism was my stepping stone into tourism 25 years ago! I gained invaluable experience being responsible for and accompanying international journalists, TV crews and tour operators. Travel is a way of life for me and I have been blessed to have travelled to amazing places. My expertise lies in getting into the "shoes" of each destination that crosses my path getting to know it insight out. I have an inquisitive nature, a good general knowledge and I am always aspiring to broaden my horizons. Designing a new programme to a unique destination is a thrilling process and the fuel that gets my adrenalin pumping. Tell me where you would like to travel and I will make it happen. I love to arrange amazing trips for my clients.

**Marilyn Pentz**
*Head of Department: MICE*



"Travel is an amazing thing. You see, to qualify to work in travel you have to go to the biggest university in the world. And that university is actually the whole world. I manage incentive travel and to get it right, takes a passion for travelling and for people, as well as an intuitive understanding of a client's needs. From Africa to the Far East to Europe and Russia, I've been blessed to accompany large groups to at least 30 countries, but the list of destinations is still long. So many places, so many cultures, so many different people – I love it! 'Of all the places I have been, it's the people that make it special!' "

**Nureth Jordan**
*Consultant*

When I finally realised that I am too curios a person for a static job, I joined Live the Journey to be a part of the diversity and excitement of the travel industry.



I am a dreamer and travelling has always been part of my dreams. It's great to be part of Live the Journey, where I have learnt the art of perfecting large groups' travel needs. I have travelled a lot and South Africa is my favorite destination, but sometimes some of the best destinations are right under your nose."

**Alida Venter**
*Consultant*

"For over 18 years I have been working in the travel industry; from tour operator to conference specialist, corporate travel consultant as well as an incentive and events management specialist. I have a finger in every pie which has made me the expert I am today in every field.



After I finished my studies, I was still unsure as to what I really wanted to do with my life, so I decided to travel first. After visiting places like Thailand, Hong Kong, Malaysia, UK, Mauritius, Qatar, Jordan, France, Slovenia and Namibia, I am still here and I still love it! Visiting, touching, living and understanding ancient history and cultures, gives one insight into the bigger picture of life."

**Mariette Visser**
*Accountant*



"Although it is generally accepted that true travel is always an adventure, let me assure you that accounting in the travel industry is where the real adventure comes in. It is far more challenging than in other industries. And it introduces you to some very interesting people. The thing with a travel business is that it's all about the unique trips to great places, ensuring happy clients affording their dreams. But in the end the books have to balance too."

**Melanie Truter**
*Consultant*

I grew up in Cape Town where I studied hospitality management. My qualification got me a two year stint at a hotel in the UK.



During this time I realized that travel is my passion, rather than the hospitality part of tourism. All the different cultures and different food defines all the different destinations. Apart from the UK, I've been to Austria, France, Jordan, Dubai, Mauritius, Vietnam and Namibia so far...

**Yolandi Mitchell**
*Consultant*

"While finishing off my qualification in Hotel Management, I travelled quite a lot abroad. I enjoyed working with different nationalities and learned so much from season guests' personal travels.



But once back in the country, my husband and I settled down and my life got even better. I found work as a travel agent and we went travelling. Greece and Namibia are among my favourites. When the children arrived my travels lessened. But with my position at Live the Journey, I have been able to combine my attention to detail with the technical side of things, as our Tourplan administrator. I can be a mother for my kids now and travel via my clients. Life is beautiful..."

**Charles Jordan**
*Retail Manager*

"I have always loved being outdoors. I guess that is why I started my career in the agricultural side of life.



When I began to develop our family farm and launched a service driven food and beverage business, the interaction with the hospitality industry refocused my thinking towards the travel industry. It is a blessing to work in travel and my yearning is always towards remote places, places of nature, especially in South Africa and Namibia. I love hunting and fishing but only if done responsibly and within regulations of conservation. When travelling to these places one should tread lightly, the balance of nature is sensitive..."

**Anneke Snyman**
*Consultant*

"I have always wanted to travel, but couldn't take a gap year to Europe after school. So I ended up studying the National Diploma in Tourism at Cape Town University of Technology and hoped by doing that, I'd be able to travel one day.



My first trip was to Namibia and after that I was hooked. The more you travel, the more you want to travel. I am today, after 20 years still in the tourism industry and every day exits me. I have ticketed many, many airline tickets and evolved with the technology and systems over the years. It is my passion to assist clients with the best and most cost effective travel routes. At Live the Journey ticketing is my main focus, but I also specialize in gorilla trekking trips to Rwanda and Uganda.

**Niel Koch**
*Financial Manager*



"Travel has always been part of my life, at a young age my father took us on the road through to every corner of Namibia. After completing my Auditing articles I joined the Live the Journey family. Whilst working in audit I've had clients from almost every business sector, but none as exciting as the travel and tourism industry. I have worked in both the inbound and outbound branches of Live the Journey – enjoying the variety in the tourism divisions, personnel and cultures. "Life isn't measured in the number of breaths that you take, but by the moments that take your breath away". Travel is measured in the feelings and emotions you experience in that moment, this will always inspire and excite me about the industry."

**Esther Frauenstein**
*Consultant*



"My love for travel started at a young age. I was eight when my family went to New Zealand and I stayed there until after I graduated in Journalism and Public Relations. When I returned to South Africa I was fortunate to enter into the travel industry at Live the Journey and follow my passion! Experiencing the myriad of cultures in my travels abroad, established a truth for me. The more you expose yourself to diverse destinations and especially different cultures, the more you learn and grow. I love that travelling can bring perspective on a whole new level."

# Our Global Network




Our passion is to create magical tailor-made packages for our clients to any global destination. Creating experiences is not just our job, it's the motto we live by.

# Kom toer saam in 2014

## Dave se toere

**Uganda:**
16 – 28 Junie 2014
**Ysland:**
10 – 20 Augustus 2014
**Marokko**
13 – 27 September 2014
**Ethiopië:**
10 – 21 Oktober 2014

## Johan se ekspedisies

**Ysland:**
1 – 11 Mei 2014 (4x4)
**Faces of the Namib**
7 – 12 Desember 2014

## Nog ervarings

**Madagaskar:**
15 – 22 April 2014
**Morokko**:
24 September – 8 Oktober 2014
**Ysland**:
2 – 13 Augustus. 2014
11 – 21 Augustus 2014
**Ethiopië**:
17 – 28 Oktober 2014
**Namibië**:
3 – 14 Junie 2014

## Konsessiegebiede

**Skedelkus: / Kunenemond**
31 Maart – 6 April 2014
12 – 18 Julie 2014
8 – 14 Augustus 2014
25 September – 1 Oktober 2014
15 – 21 Desember 2014

## Gorillas

**Uganda:**
Julie 2014
**Rwanda:**
2 – 8 Junie 2014
5 – 11 Julie 2014

## Angola

3 – 15 Julie 2014

## Faces of the Namib

11 – 16 Mei 2014
18 – 23 Mei 2014
1 – 6 Junie 2014
15 – 20 Junie 2014
27 Julie – 1 Augustus2014
3 – 8 Augustus 2014
21 – 26 September 2014
29 September – 4 Oktober 2014
19 – 24 Oktober 2014
7 – 12 Desember 2014
28 Desember – 2 Januarie 2015
**Lüderitz – Walvisbaai**
16 – 22 Augustus 2014
28 Desember – 3 Januarie 2015

## Contact Details

www.livethejourney.co.za

**Cape Town office:**

Pointbreak Building
Vineyard Office Estate
99 Jip de Jager
Bellville
South Africa
Tel: +27 (0) 21 912 1400
Email: info@livethejourney.co.za

LIVE THE JOURNEY
LIFE ENRICHING TRAVEL

**Worcester office:**

58 Riebeeck Street
Worcester
6850
South Africa

Tel:+27 (0) 23 347 7427
Email:info@livethejourney.co.za